

'Die Woordfees is soos jool vir oumense' – Bl. 6



Jaargang 1 Uitgawe 4

ink

Gratis

Donderdag 12 Maart 2015



Die Seemeeu Tsjechov in hupse Afrikaans

Bl. 9



ERIK HOLM
se eenmanstuk:
'Saam met weet
kom wonder'
– Bl. 7



MATIELAND
se argitektuur:
Wandel deur
die dorp
– Bl. 4

WANNEER MENS 'N HUIS VAT, ONTKETEN JY 'N VERSKRIKLIKE DING.

EK SA FIKSIE

Deur die skrywer van 'Kametjiemense'

'n Huis vir Ester

Nou beskikbaar in winkels en as 'n eBook



UMUZI

" SY VANG DIE WOORDE
IN HAAR NET
SLYP HAAR WOORDE
TEEN DIE ROTS
SY BAK HAAR WOORDE
IN DIE VUUR
EN DIE NOORDEWIND KOM
EN HAAR WOORDE WAAI VER
HAAR WOORDE WORD SAAD
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,
BOORD VAN NOORDE

Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en
bittermooi lirieke van onder andere
Amanda Strydom, Die Heuwels Fantasties,
Koos Kombuis en Francois van Coke.
Die 2015 Sanlam Musiekfees, 6-15 Maart.

www.sanlam.co.za/sponsorships



Sanlam
Welvaartmeesters

Universiteit Stellenbosch

Woordfees

in trotse samewerking met

Antjie breek droogte van 8 jaar

Antjie Krog: Mede-wete.
Boektent. 11 Maart om 16:00.

*jy gly onder my uit, Ma, in hierdie virulentgeurende lente**

Terwyl ’n verterende vuur die hange en fynbos in die Jonkershoekvallei kasty, sný Antjie Krog se woorde déúr mense.

Die vuur is dalk ’n alomteenwoordigheid en die as daal oor dié Bolandse dorp neer soos ’n verloopte Pompei, maar Krog se woorde praat met die niere en die hart.

In eenvoudige blou en wit insteekskoene met haar bekende ronde brilletjie, het Krog die vol gepakte Boektent gadeslaan en gelees uit haar bundel *Mede-wete* – die eerste uit haar pen in sowat agt jaar.

vanoggend toe ek jou groet, klamp jy aan my vas

Dis asof ’n gewyde stilte heers wanneer Krog lees. Van Marius Weyers in die gehoor tot ons gewone sterflinge, hang letterlik aan haar lippe.

Krog, nou reeds aan die anderkant van 60, is *royalty*. Literêre *royalty* beslis, maar veral ook Boere- en Vrystaat-*royalty* (vergewe my maar, Antjie...). Sy kan bemoerd wees en bebliksem en sag en stil en mooi en baldadig en “vry fokken vrou”, maar elke



Die bekroonde digter Antjie Krog het gister van haar nuwe gedigte in die Boektent voorgelees. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

woord is gewéég en op sy plek. En mense luister.

en byna te buite hou ek jou

Wanneer sy uit (*probeerslag 1: die bus*) lees, is dit asof die gehoor die skreeusnaakse beelde aangryp deur luidkeels te lag om los te kom uit

die web van haar vroeëre beelde. Amper ’n verligte gelag.

Maar toe daar tyd vir vrae is, is daar niks. Dis asof die woorde ’n stil poel gemaak het en niemand die water wil roer nie – om te keer dat ’n enkele rimpeling die brose spieël wat Krog voor ons opgehou het versteur.

Dan lees Krog nóg, en sy span haar stem in soos die woord- en stemkunstenaar wat sy is. Sy oorrompel gewoon in elke woord en beeld en die gevolg is regtig verbluffend.

hou jou lignemendheid jou werp- wrakende woedebrokke

Staande applous wannneer Krog klaar gelees is en sy gemaak-skaam met ’n glimlag op die verhoog staan. Ek dink nie Antjie moet ons weer agt jaar laat wag vir ’n volgende bundel nie... – **Jo Prins**

**Versreëls geneem uit die gedig ontwei*

diebussieontvangmysoos’n eensame...

plaashuisboerboelouma

FNB/RMB kliënte kan gratis van die US Woordfees pendeldiens gebruik maak, met 1 metgesel per rit, solank ’n geldige FNB/RMB kaart vertoon word*.

- Parkeer jou motor veilig by Hoërskool Stellenbosch
- Bussies vertrek elke 30min op die dorp-roete

FNB en US Woordfees maak sin saam.

‘Mense gee nie om vir ou geboue’

Prof. Matilda Burden tree op as gids vir die Argitektoniese wandelings wat daaglik om 17:00 van die Erfurthuis vertrek. **Herman Lategan het dié kultuur-historikus, verbonde aan die Stellenbosse Universiteitsmuseum, ’n paar vrae gevra.**

Wat is vir jou die mooiste gebou in Stellenbosch en hoekom?
Die Ou Hoofgebou. Sy skoon klassieke lyne, Romeins-Klassieke pediment en suilhoofde wat mooi versier is sonder om oorversier te wees; die slim wyse waarop die argitek Renaissance en Klassieke elemente gekombineer het om ’n statige gebou te vorm.

Wat is vir jou die lelikste gebou in Stellenbosch en hoekom?
Die munisipale woonstelblokke in Hammandshandweg en Meta-noia-koshuis, hoewel daar ’n hele klomp ander is wat sterk kompeteer! Rede? Verbeeldingloos.

Indien jy Stellenbosch in argitektoniese terme aan ’n buitelanders moes beskryf, iemand wat nog nooit hier was nie, wat sou jy sê?
Stellenbosch het van die oudste en mooiste koloniale argitektuur in Suid-Afrika; baie van dié is in die Kaaps-Hollandse styl wat gekenmerk word deur swart rietdakke, witgekalkte mure en ’n versierde middelgewel. Maar die dorp vertoon ook baie ander style, soos Georgians, Victorians, Modernisties, Art Deco, post-Modern en ’n bonte verskeidenheid van 20ste- en 21ste-eeuse modegiere, veral in die woonbuurtes.

As jy kon kies om in die verlede



DIE TEOLOGIESE KWEEKSKOOL: Die Kweekskool is geleë op die perseel waar Simon van der Stel in November 1679 uitgekamp het, op soek na ’n geskikte plek vir ’n nuwe dorp. In daardie stadium was dit op ’n eiland. Dit is waar die eerste Drosdy gebou is, wat daarna drie keer herbou is, voordat dit in 1868 in die Teologiese Seminarium omskep is. FOTO’S: SALMON BECKER

Matieland, jou argitektoniese wonderwêreld

Moenie dink Stellenbosch is net ’n prettige studentedorp nie. Die plek is ook bekend vir sy imposante argitektuur en historiese geboue. Die gerekende kultuurhistorikus prof. Matilda Burden (sien onderhoud hiernaas) sal jou met ’n derde oog laat kyk na die hart van die Eikestad met sy argitektoniese kosbaarhede. Sy sal jou op ’n leerryke begeleide toer neem, en jy sal deur ou strate loop en voor geboue gaan staan waarvan sy jou van elke klein detail kan vertel. Dis asof sy die dorp vir jou ontsyfer en dekodeer. Gaan gerus, dit is ’n maklike stappie en glad nie veeleisend nie, maar wel genotlike pitkos vir siel en brein. – **Herman Lategan**

te kon leef (hipoteties), watter tydperk sou jy graag wou leef, en hoekom?
Waarskynlik in die tweede helfte van die 18de eeu aan die Kaap, toe die landelike gebiede van die Kaapse kolonie nog onaangeraak

was deur groot wêreldgebeure soos die Franse Revolusie en die Industriële Revolusie van die laat 18de eeu, die ontdekking van goud en diamante in die 19de eeu en al die oorloë van die 20ste eeu – met een woord dus: rustig. (Dit is egter

suiwer hipoteties!)

Dink jy Suid-Afrikaners gee genoeg om vir die bewaring van geboue? Word dit dalk as ’n koloniale babalaas afgeskryf; iets wat nie meer relevant is in die “Nuwe Suid-Afrika” nie?
Nee, Suid-Afrikaners gee nie genoeg om vir bewaring nie. En nee, die rede is nie omdat dit nie relevant is in ’n nuwe Suid-Afrika nie – enigiemand met verstand wat nie verblind word deur ’n politieke bril nie, weet dat die bewaring van alle kulture in hierdie land se erfenis belangrik is. Die rede is doodgewoon geld en gierigheid (ek kan nog baie hierop uitbrei!) – **Herman Lategan**



NG MOEDERKERK: Dit is gebou in die koloniale Neo-Gotiese styl, vergroot en verander tussen 1863 en 1869 deur die argitek Carl Otto Hager. Voor dit het die kerk ’n Neo-Klassieke voorkoms gehad en was heelwat kleiner.



MORKELHUIS: Die huis staan op een van die oudste erwe in die dorp, waar die winkelder van Linnes in 1693 gebou is. Later is dit omskep in ’n Kaaps-Hollandse huis met ’n voorgewel, wat weer later ver-Victoriaans is. Die oorspronklike voorgewel pryk opnuut aan die gerestoureerde huis, maar dit het steeds die twee voordeure van die Victoriaanse era.

Soveel hoofde, soveel boeke

Die ATKV-Boekwinkel is terug vir ’n tweede Woordfees, met “boeke van alle uitgewers, vir alle ouderdomme”, ’n winskooptafel en 500 “steel”-eksemplare van ’n bekende misdaadskrywer se nuutste boek.

Bibliofoele kan tydens die fees vanaf seweur soggens tot seweur saans koers kies deur die US Museum in Ryneveldstraat na die Plataankafee. Hier vul rakke en tafels vol boeke die wit markiesent – die enigste eksklusiewe boekwinkel op die fees.

“Ons wil graag hê mense moet lees,” het Nita Cronjé, die ATKV se bestuurder van feeste en produksies, gesê.

“Dit is ’n eenstop-boekwinkel. Feesgangers kan kies en keur uit ’n verskeidenheid ou en nuwe boeke.”

Daar is ’n tafel vir boekwurms met ’n oog vir ’n winskopie, en ’n huldigingshoekie met die werke van die ontslape André P. Brink.

Skaars ’n klipgoot weg, is die Woordfees se Boektent, waar boekbesprekings gehou word. Na afloop van die boekgesprekke beweeg die skrywers oor na die ATKV-Boekwinkel, om hul name voor in aanhangers se eksemplare te teken.

Dit sluit name soos Deon Meyer in wie se jongste boek, *Ikarus*, eers amptelik op 24 Maart vanjaar bekendgestel word. Met spesiale vergunning word ’n beperkte aantal kopieë reeds drie weke vroeër by die Boekwinkel beskikbaar gestel.

– **Lynné Schoeman**

Boekpraatjies

Protea Boekwinkel se weeklikse Boekpraatjies het weer begin. Die digters Daniel Hugo en Johann Lodewyk Marais gesels Saterdag om 11:00 in Protea Boekwinkel in die Bergzicht Plaza oor hulle werk. Bel 021 882 9100 of stuur ’n e-pos na stellenbosch@proteaboekwinkel.com vir meer besonderhede.

Ander boekwinkels:

Bargain Books Eikestad Mall 021 886 8746	Protea Boekwinkel Bergzicht Plaza, Andringastraat 021 882 9100
Exclusive Books Andringastraat 14 021 886 9277	Verbatim Bookstore Hoek van Andringa en Dorpsstraat 021 887 2655
Quagga Rare De Wet-sentrum 021 887 0113	

Attend tonight’s art walkabout

Kunste Donderdag/Art Thursday. 12 Galleries. Today. 17:00 – 20:00.

Kunste Donderdag is a special edition of the *Last Thursdays Stellenbosch* monthly gallery-hopping event held to coincide with the Woordfees. Twelve local galleries will take part in a walkabout, starting at the US Museum in Ryneveld Street and concluding at the PJ Olivier Gallery in Blom Street.

The *Last Thursday* events emerged from the popular global initiative called ‘First Thursdays’,

which was successfully launched in London and later in Cape Town.

Stellenbosch started its own version of an art walkabout in March last year.

In addition to the art route this evening, music, live art drawing in the street, wine and poetry reading will also feature – all free of charge.

In addition to the many galleries which are taking part in the initiative there is also the Pop up at the Butcher-exhibition where local Stellenbosch artists showcase their work on the corner of Drostyd and Plein streets.

PJ Powers-praatjie vanoggend

PJ Powers se lewensverhaal, soos opgeteken deur Marianne Thamm, in *Here I Am*.

Sonder om doekies om te draai, vertel Thandeka, soos Powers deur

haar aanhangers in Soweto gedoop is, aan Yvonne Johnston van die struikelblokke wat sy moes oorkom.

Die gesprek is vandag om 10:00 by die Boektent.

Meer behoort spesiale verse en sang te hoor

Die Roebaijat van Omar Khajjam. Vertaal deur Daniel Hugo. Weltevreden. 10 Maart.

Dis asof die kwatryne van die Persiese digter-wetenskaplike, Omar Khajjam, gemáák is om in Afrikaans gehoor te word. En in die hand en mond van die deurwinterde digter soos Daniel Hugo, is dit ’n besondere gebeurtenis.

Khajjam se kwatryne het in die twaalfde eeu bekend word deur die Engelse vertaling van Edward Fitzgerald en het reeds meer as 650 verskillende uitgawes beleef, lees ’n mens op die bundel se flapteks.

Die Roebaijat van Omar Khajjam, uitgegee deur Protea, is 50 kwatryne soos vertaal deur Hugo. Die produksie trakteer mense op Hugo se bekende radiostem soos hy die verse voorlees met gepaardgaande sang deur Nedine Blom, Jan-Willem van Houweling op kitaar en Junaid Galant met tradisionele Arabiese sang.

Agter die statige woning van die Weltevrede-landgoed, met ’n

paadjie deur ’n doolhof, het dié Afrikaanse klanke van Khajjam opgeklank:

Sy skaakbord is in dag en nag verdeel:
dis die noodlot wat ons soos stukke speel.
Hy stoot ons rond – biskop, ruiter en pion word een-een geoffer. Min kan dit hom skeel.

En in die gehoor, wat meer moes gewees het, het mense met De Grendel se rooi versnit (Rubaiyat nogal!) salig hul glase gesit en skommel op ’n soel aand terwyl die woorde en klanke oor hulle speel.

Die eenvoud van Khajjam se kwatryne is verbluffend, maar – soos ons nou reeds weet – juwele lê in dié eenvoud.

Soos Louise Viljoen in ’n resensie van Hugo se pas verskene bundel, Takelwerk, skryf: “Gedig na gedig toon sy (Hugo) fyn aanvoeling vir klank en rym.”

Sy is reg, maar met die vertalings van Khajjam ook. – Jo Prins



LEESKRING Die digter en radioaanbieder Daniel Hugo het Dinsdagaand uit die bundel Die Roebaijat van Omar Khajjam voorgelees. Regs is (van links na regs) Jan-Willem van Houweling op kitaar, Hugo, en Junaid Galant wat tradisionele Arabiese liedere gesing het, en die sangeres Nedine Blom.
FOTO’S: NARDUS ENGELBRECHT



Drink enough water – another hot day expected

The Wordfees is still going strong. According to the South African weather service, temperatures will be at a minimum of 18°C and will reach a maximum of 27°C. Wind speeds will go as high as 18,5 km/h coming from an Easterly and North-Westerly



direction. Be sure to stay hydrated and wear open shoes to keep your feet cool. It will be either sunny or partly cloudy all day, but if the ash-clouds continue throughout the day, you may not see the sun at all.

Roosenwijn
Guest House
★★★★★

Experience the elegance and beauty of a bygone era

Tel: +27 21 883 3337/8 Fax: +27 86 505 3960
14 Van Riebeeck Street, Stellenbosch, 7600 South Africa
www.roosenwijn.co.za | bookingsenquiries@roosenwijn.co.za

Die kunste kraai koning!

By vanjaar se **US Wordfees**:

ATKV-BOEK-WINKEL

Ons omvangryke eenstop-boekwinkel is terug in die hartjie van die fees in die Plataankafee agter die **US Museum**. Daar is ’n keur van nuwe, tweedehandse en allerlei interessante boeke te siene vir boekliefhebbers van alle ouderdomme. Kom ontmoet u gunsteling skrywers en geniet ’n glasie wyn saam met ons onder die Plataanbome.

“’n Goeie boek is die een wat met groot verwagting oopgemaak en met groot wins toegemaak word.”
– Amos Bronson Alcott

film
verse

Hierdie opwindende nuwe produksie van die **ATKV**, is te siene in die **US Museum**. In samewerking met Die Grobler is ’n reeks kort animasiefilms, geïnspireer deur ’n seleksie van 12 klassieke en kontemporêre Afrikaanse gedigte, vervaardig.

Die digters se werk word gebruik om ’n “visuele bloemlesing” saam te stel wat ’n dialoog tussen woord en beeld skep. Elke animasiefilm word vergesel van ’n klankbaan, waar onder meer die gedig voorgelees word. Die eindproduk is ’n DVD-vertoning van sowat 40 minute, vergesel van ’n uitstalling van plakkate van die animasiefilms. Die DVD word te koop aangebied in die **ATKV-Boekwinkel**.

Moet dit nie misloop nie! By die **US Museum**, daaglik van **07:00 - 18:00**. Toegang is **gratis**.

Digter:
Loftus Marais
Animeerder:
Rudolph Boonzaier

www.atkv.org.za

Maties sê...

Wat gebeur dié week op Stellenbosch wat belangrik is?



Ange Nespola, honneurs in sielkunde, dagstudent: "Die visuele kunstdepartement se quad party 'Big in Japan'."



Yethro E. Davids, B.SC Mathematics, Simonsberg: "The fire in Jonkershoek/Coetzenburg close to campus."



Stephan du Toit, B.Com FinRek, dagstudent: "Die Woordfees! Hou dit in Catwalk (kuierplek) en meer studente sal dit bywoon."



James Klerck, finale jaar in B.Rek, Dagbreek: "Julius Malema kom praat hierdie week by die universiteit."



Nathaniel Witbooi, Theology, Piekie PSO: "A friend of mine has her 21st today and the 'Big in Japan' quad party is happening."

Wat is die Woordfees? Het jy al enige vertonings bygewoon?



Leone Steenkamp, LLB, voorheen in Harmonie: "Dit is 'n kunstfees met musiek en teatervertonings. Dit is soos jool vir oumense."



Lizzy Steenkamp, Masters in English: "Plays and art exhibitions, and something called De Vette Mossel? Wanted to see Die Seemeeu, but it seems expensive."



Alex Dijkerman, final year in Human Life Sciences: "It is a festival of culture and arts. We've attended De Vette Mossel, pretty much the only thing I've seen."




Deon Volschenk, B.Rek: "Ek was nog net by Francois van Coke se akoestiese show en by Studente-talente. Ek het grootgeword met die Woordfees rondom my."




Jana Kotze, BA Taal en Kultuur, Aristea PSO: "Dis flippen oral en 'n mens kry nie parkering nie, want álmal is hier. Oral is posters en ek sien dit op Instagram."


BOEIENDE, AANGRYPENDE EN INTELLIGENTE LITERATUUR VIR ELKE AFRIKAANSE BOEKRAK




'n Unieke geskiedenisboek – *Oorlog-Beeld* vertel oor die stryd tussen Boer en Brit, in koerantformaat, soos dit destyds kon gewees het.



'n Staatmaker reisgids wat mens besiel om die pad te vat en die land te verken. Volledig hersien en bygewerk.



"'n Boek wat gelees moet word." ANCHEN TROSKIE
Gebaseer op 'n ware verhaal.



'n Langverwagte versameling van Herman Lategan se sielvolle stories.



"'n Ysingwekkende verhaal wat mens nie kan neersit nie." RIAAN CRUYWAGEN

NUUT IN JOU TAAL
www.jonathanball.co.za

 JonathanBallPublishers

OOK BESKIKBAAR AS
e-boeke



‘Kinders stry nou al oor wie boeke eerste kan lees!’

“Jy moet jou verbeelding oppas, want elke lieue een van julle kan ’n boek skryf.”

Só het Nerine Ahlers en Alet Steenkamp, skrywers van die gewilde SSS-reeks, aan ’n groep leerlinge van Delft, Wellington, en Weber Gedenk Primêr gesê tydens die WOW-skrywersfees vir Gr. 6 en 7. Nerine het leerlinge aange-moedig om sommer daar en dan te dink aan ’n lekker storie-idee.

Farren Lawrence (12) van Wellington Primêr hou baie van “al die scary goeters” en het besluit sy wil eendag ’n spookstorie oor ’n verlate huis skryf.

Haar klasmaat Drew Corne-lissen (12) verkies egter liefdesver-hale. “Ek sal seker maar oor die liefde skryf,” vertel Drew, wie se gunstelingboek *Droomvangers* is.

“Dit moet op Bergkroon afspeel. By Wellington. Ek hou van daai plek, dis ’n romantiese plek.”

Ahlers en Steenkamp se SSS-reeks trek al by sewe boeke. Ahlers sê die sukses van die storie kan toegeskryf word aan al die varia-sie: “Dit is nie net ’n liefdesverhaal nie – daar’s vriendskap, avontuur, komedie, en spanning.”

Mia Decinti en Clarisse Ter-blanche (11) is groot aanhangers van dié reeks. *Soene, sonroom en seestrome* is Clarisse se gunsteling, maar Mia hou weer die meeste van *Spoke, speurders en straatkafees*.

“Hulle gaan Parys toe,” vertel Mia. “Dit is baie opwindend.”

Marlene Fry, koördineerder van die WOW-leesprojek, sê WOW wil ’n liefde vir lees onder leerlinge aanwakker.

“Ons gee daardie ekstra bietjie hulp aan die opvoeders.”

Elke skool het ’n stapel boeke, geborg deur LAPA Uitgewers, ontvang. Merle Abrahams, ’n onderwyser by Wellington Primêr, verduidelik dat dié skenking vir die skoolbiblioteek bestem is. “Maar die kinders het al klaar begin stry oor wie die boeke éérste kan lees in die bus oppad terug skool toe.”

– Heléne Booyens

Erik Holm se verhaal ontroer

Blou-blou. Toneel. Klein Libertas Teater. 11 Maart om 20:30. 13 Maart om 11:00.

Daar was ’n tyd nie te lank gelede nie toe teatergangers ’n stortvloed van outobiografiese eenpersoonsvertonings van wisselende gehalte moes verduur.

Die probleem was dat vele jong akteurs, by gebrek aan materiaal en die materiële, ook hiermee geëksperimenteer het. In baie van dié gevalle het dit ’n mens net laat wonder waarom hulle enigins die behoefte gehad het om hul lewensverhaal te vertel as hulle nog nie enigins gelééf of veel ervaar het nie.

Laasgenoemde beskuldiging kan beslis nie voor die deur van Erik Holm gelê word nie. Soos sy pa tereg opmerk in die video-materiaal wat gebruik word: “Ek het nog nooit in my lewe so swaar moes kry soos Erik nie.” Holm se lewe het onwrikbaar verander op 24 August 2007, om 15:38. Dis die oomblik toe hy in ’n vlak dam ingeduik en sy nek gebreek het.

Sandra Prinsloo kom vorendag met die gedagte om Holm se ervaaring in ’n eenpersoonsvertoning te omskep. Dit dien ook vir hom as terapie. “Jy wil vergeet, maar as jy nie alles kan onthou nie, kan jy ook nie vergeet nie,” sê hy. “Saam



Erik Holm in die toneelstuk blou-blou. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

met onthou, kom vergeet.” Die snykant is egter ook waar. “Saam met weet, kom wonder.” Wonder wat kon gewees het.

Prinsloo se regisseursvriend van Foxwood House in Johannesburg, Jan Groenewald, werk nou saam met Holm en so kom hulle vorendag met ’n teks wat sy ervarings boekstaaf. Hy is die verteller en die vertellings word toegelig deur videomateriaal wat by die ongelukstoneel op Holm

“Groenewald se teks tref ’n goeie balans tussen die feitlike en die persoonlike; woede en gelatenheid; donker en lig; pessimisme en optimisme

was nie. Holm het inderdaad viooltjie-blou oë wat jou selfs in die laaste ry van die teater tref. Die woordspeling op blou en indigo word verder geneem met verwysings na ’n indigo-maan en sy bui wat noodwendig met tye blou is.

Holm neem jou deur die fases van sy reis die afgelope sewe jaar. Van sy gedetailleerde beskrywing van wat in daardie eerste oomblikke onder die water sy gewaarwording was tot by sy vertelling

oor hoe sy lewe tans daar uitsien, is meesleurend en hartroerend.

Die alternatiewe realiteit waarheen hy aanvanklik ontsnap, en gesprek voer met twee dolfyne genaamd Dolf en Leo in blou-blou water, verstaan jy maar alte goed. Dis Nirvana, maar hy’t nodig om terug te keer en sy lewe in die werklikheid van die alledaagse te herbou. Dit doen hy en dit is sy gesin – sy sus wat vir hom sing “Jy’s ’n helder lig” en ’n ma wie se liefdesgebare en steun die ware betekenis van “ma” versinnebeeld – wat hom telkens dra. Dit is hier waar jy nou en dan ’n gedempte snik in die gehoor ervaar en jy self sluk maar swaar aan die knop in jou keel.

Maar jammerhartig is *blou-blou* allermens. Groenewald se teks tref ’n goeie balans tussen die feitlike en persoonlike; woede en gelatenheid; donker en lig; pessimisme en optimisme. Dié balans word gerugsteun deur ’n knap klankbaan deur DuPreez Strauss, wat genadiglik ’n bietjie streef en kalmeer as jou hart te vol raak.

Soos Holm sê, terwyl hy na die verhoog om hom beduie: “Ek werk weer.” Teater kan heling bring en ’n mens hoop *blou-blou* bring dit, nie net vir Holm nie, maar vir die talle mense wat op dié wyse sy medereisigers word.

– Marina Griebenow

Akteurs deel hul kneusplekke met deernis

As alles blou is. Toneel. Aan de Braak Teater. 9 Maart.

Dié stuk open met ’n eensame jong man, ene Konstabel van Wyk (Almar Müller) wat by ’n toonbank met ’n glas whiskey sit. Dis een van daardie lang sitte, waar jy sit totdat jy nie meer jou sit kan kry nie.

Hy tuur in die niet, sy gedagtes is soos ’n tamaai vergete pot sop wat in die agtergrond op ’n stoof prut. Jy kan sien woede en depressie hang dik in die lug. Hy frons.

Gou blyk dit sy vrou (Esperance Potgieter), ’n ambisieuse

advokaat, is nie net knap met haar werk om kindermoordenaars te laat vry loop nie, maar ook uiters bekwaam om hom te verneder. Hulle werk as’t ware téén mekaar – in die hof, en in die kooi.

In ieder geval, hul verhouding het al so agteruit gegaan dat daar nie meer sprake van katelkaskenades is nie. Sy kastreer hom met haar woorde, haar tong die skêr wat behendig knip.

Hy vang ’n moordenaar, maar sy, gerugsteun deur haar groot regsfirmas, laat kom die moordenaar los op ’n tegniese punt.

staatgemaak het, of Jerzy Grotowski se oorskatte esoteriese teorieë geïnkorporeer het nie, maar juis omdat dit so totaal onopgesmuk, eerlik, gestroop en natuurlik was.

Omdat die ruimte klein is, het dit ’n intieme blik gegee in twee brose en gebroke mense se lewens, en albei akteurs het hul kneusplekke innig met die gehoor gedeel. Die enigste kritiek wat hierdie resensent het, is teenoor die twee lede van die gehoor wat voor my gesit het en luidkeels aanstoot geneem het oor ’n paar vloekwoorde. – Herman Lategan



’n Toneel uit As alles blou is. FOTO: JACQUES ENSINK

Student talents showcased

Sanlam Studentetalente. Talent Competition. De Vette Mossel. 10 March at 19:00.

A ukulele cover of a chart topper, a classical violin solo and a cattle bell performance of “Amazing Grace” were just some of the acts showcased at this year’s *Sanlam Studentetalente*.

This year’s competition, formerly known as the *Sanlam Kultuurplesier*, featured 31 performances.

The atmosphere of De Vette Mossel was lively and full of sand, as always.

Students indulged in vetkoek as they cheered and supported their peers.

Blain van Wyk, culture manager of the Maties Student Representative Council (SRC) and organiser of *Studentetalente*,

said this event gives students an opportunity to show their mettle.

It is also a way for the Woordfees to involve students.

Any act can enter, free of charge, and entry to Tuesday night’s event was also free. Van Wyk says this paves the way for a “diverse competition”.

Zorada Temmingh, renowned organist, Pierre-Arnold Theron of the band Mr Cat and the Jackal, and DJ Chopper were the judges.

Top honours were garnered by Tanica Theys from Venustia who played guitar and sang a mashup of pop songs and her own music.

Francis Bowers from Wilgenhof came in second with a cover of Frank Sinatra’s “New York, New York”. – Tatum Morley

EVEN THE DEAD RISE UP

a gallery talk/Q&A with international curator Francis McKee (CCA Glasgow)

Thursday 12 March, 15h00 – 16h30

Part of SA-UK Seasons 2014 & 2015, a partnership between the Department of Arts & Culture, South Africa and the British Council

RSVP ESSENTIAL, LIMITED SEATS / FREE / DONATIONS WELCOME

E: GUS@sun.ac.za
T: 021 808 3489
(Kamela Crombie)

MICHAEL BLAKE FIVE PIECES FOR PICCOLO & TUBA (1971)

with Marietjie Pauw (piccolo) and Le-Nique Brand (tuba)

Thursday 12 March, 18h15 and 19h15

This event is part of the Woordfees Kunstes Donderdag, in partnership with Stellenbosch Last Thursdays

GUS (Old Lutheran Church)
Corner of Dorp & Bird Streets
Stellenbosch

Brink op gepaste wyse gegroet

André P. Brink-gedenklesing. Skrywersfees. Boektent. 14 Maart om 16:30. Sinjatuur. Musiekfees. Endler. 15 Maart om 16:30.

Die skrywer André P. Brink word die naweek as't ware weer aan die woord gestel wanneer van Suid-Afrika se voorste literêre figure en musici hom by die Woordfees huldig. Saterdag sal van Brink se tydgenote en medeskrywers uit sy werke voorlees en Sondag volg 'n spesiale konsert met koorsang, digkuns en prosa. Brink, wat beskou word as

een van die voorste skrywers wat Suid-Afrika nog opgelewer het, is verlede maand op die ouderdom van 72 oorlede tydens 'n vlug tussen Amsterdam en Kaapstad. Hy het veral bekendheid verwerf as lid van die "andersdenkende" Sestigters en vir proteswerke soos *Kennis van die Aand* en *h Droë Wit Seisoen*. Hy het ook twee keer die Hertzogprys ontvang. Volgens Kerneels Breytenbach, voorheen publikasiebestuurder by NB-uitgewers en tans voorsitter van die skrywersorganisasie PEN Afrikaans, het die voorstel vir Saterdag se voorlesings van die digter en skrywer Breyten Breytenbach gekom.

"Toe Breyten voorstel dat daar uit André se werk voorgelees word, het ons gedink dit is 'n ideale manier om dit waarvoor hy bekend is, naamlik die gehalte van sy skryfwerk, 'n slag na vore te bring," het hy aan *Ink* gesê. "Daar was nou al 'n paar geleenthede ná André se dood waar aan hom hulde gebring is. "Ons het by PEN Afrikaans gevoel dat ons iets anders wou doen." Van die bekendes wat sal deelneem aan die voorlesing is die digter Antjie Krog (*Dogter van Jefta, Verweerskrif*) en die skrywers Elsa Joubert (*Die Swerfjare van Poppie Nongena*) en

Petra Müller (*Die Aandag Van Jou Oë*). Sondag bied die regisseur Juanita Swanepoel (*Orgie, WAM*) 'n konsert, *Sinjatuur*, in Brink se eer aan, met optredes deur onder andere die akteur Waldemar Schultz (*Hie' sit die manne, Net 'n chilli burger en chips, asseblief!*), die musikant Laurinda Hofmeyr (*Katalekte, Prisma*), en die Stellenbosse Universiteitskoor, onder leiding van dirigent André van der Merwe. Volgens prof. Louise Viljoen, voorsitter van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die US, is dit belangrik dat Brink veral tydens die Woordfees

gehuldig word. "Nie net het hy herhaaldelik by hierdie fees opgetree nie, maar hy was ook die afgelope 50 jaar een van die belangrikste figure in die Afrikaanse letterkunde. "Hy was baie vrygewig. Met sy kennis, met sy tyd, met sy belangstelling, met sy aandag. Daarom het hy ook gereeld opgetree by die Woordfees. "As hulle hom gevra het, het hy ingestem. Ek dink dit was 'n wonderlike eienskap van hom as akademikus en as skrywer. "Brink het sy tyd gegee as resensent, literatuurkritikus, dosent, en ook as skrywer." – **Heléne Booyens**

Bam en Van Wyk Loots se spel boei

Orgie. Toneel. Klein Libertas Teater. 13 Maart om 14:30 en 14 Maart om 11:00.

Wanneer twee mense 'n bed deel, is daar nie net twee mense teenwoordig nie. Of so word daar gesê. Vorige minnaars, verlore liefdes, die liefdes waarna daar gehunker word en onbeantwoorde liefdes is almal daar. Sommige kruip in die skadu's weg, ander skuil agter die gordyne. In Juanita Swanepoel se verwerking van André P. Brink se roman *Orgie*, het sy die karakters verminder na twee – hy en sy. Die toneelstuk speel af in 'n slaapkamer, die bed omring met leë wynbottels. Op die bed is daar kussings, net een daarvan rooi. Hy en sy dra maskers, syne is swart soos sy klere, hare is dié gesig van 'n bokkie. Dit is duidelik dat hul glase al 'n paar keer gevul is. En so begin die dans tussen die twee karakters.



Stian Bam en Tinarie van Wyk Loots in 'n toneel uit 'n verwerking van *Orgie* deur André P. Brink. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Daar is beskuldigings en liefdesverklarings, 'n terugroep na wat was en 'n droom van wat kan wees. Met musiek van 'n partytjie elders wat in die agtergrond speel, word die volgende uur of wat 'n tweegeveg wat die toeskouer weet 'n klimaks móét bereik. Tinarie van Wyk Loots in die rol van "sy" is uitstekend – van die effense gewieg van 'n vrou wat aangeklam is, tot die rou krete wanneer die pyn van herinnering te veel word. Sy is speels en kokketerig, of broos en breekbaar. Stian Bam is 'n goeie skermmaat vir Loots. Hy het die fisieke teenwoordigheid om sterk te staan teen haar broosheid, maar ook om sy eie broosheid te wys.

Daar is raakpunte en verwysings na *Die Seeumeeu*, die Anton Tsjechov-toneelstuk wat ook by die Woordfees te sien is – 'n interessante kruisbestuiwing wat moontlik nie noodwendig beplan is nie. *Orgie* word aanbeveel vir teatergangers wat van 'n uitdaging hou. Die stuk, wat langer as die

geadverteerde tyd van 60 minute geduur het, is nie ligte musiek nie, maar dis 'n stuk wat jou nog lank sal bybly en weer laat dink aan die eeu-oue vraag: Hoekom wil dié wat jy wil hê, jou nie hê nie en hoekom wil jy nie die wat jy kan kry hê nie? – **Ilza Roggeband**

Waldemar en Chris praat oor toneel speel, skep en liefhê

Waldemar Schultz en Chris van Niekerk. Teatergesprekke. Erfurthuis. 11 Maart.

In die Erfurthuis se lokaal, Aan de Braak, wag ons op Waldemar Schultz, oftewel Jan-Hendrik van *7de Laan*, en die veteraanakteur Chris van Niekerk om oor die teater met ons te gesels. Hulle is tans te sien in *Net 'n chilli burger en chips, asseblief!* wat tot Vrydag speel. Saartjie Botha het haarself goed van haar taak gekwyt om die gesprek tussen Chris en Waldemar in toom te hou, want hulle het so wild aan die gesels geraak, hulle het soos perde begin galop. Chris het vertel hy is bly is hy het baie werk, maar die Vader weet, soms

moet hy soveel goed aanpak, hy weet nie of hy Arthur of Martha is nie. Chris en Waldemar voel dis veeleisend om met twee of drie *shows* terselfdertyd aan die gang te wees, omdat dit moeilik is om te konsentreer; jy voel later asof jou konsentrasie afgewater raak. Dit raak swaar om die karakters volkome te te ontsluit. "Jy moet tog diep delf in 'n karakter, om dit joune te maak, om al die nuances vas te vang," vertel Chris in sy pragtige *Vers en Klank*-stem. As jy te veel rolle op een slag in verskillende produksies aanpak, raak dit amper onmoontlik. Hy hunker na die dae toe 'n mens ses weke lank kon repeteer aan 'n stuk, dan was daar 'n paar



Waldemar Schultz in 'n toneel uit *Hie' sit die manne*. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

voorskoue, en eers dan het die stuk sy premiere gehad. Daai dae is verby, dis nou worsmasjien scenario's, tien dae se repetisies en dan open die stuk. En teen die tyd wanneer jy nou

regtig jou karakter goed verstaan, dan is die stuk al weer klaar. Chris met sy mooi stem, sy hoed en sy gemaklike skoene en kortbroek lyk opeens na wyle Hennie Aucamp terwyl hy so praat. Hy is die jintelman van ons teater, 'n mens wonder of hy nie perdalks onderskat word nie. As hy praat maak hy sin, hy speel mooi met woorde, en hy klink soos iemand wat ook al deur diep waters is. Saartjie onthou Waldemar het op universiteit (Stellenbosch) lieflike ligte linnepakke gedra met leersandale. Hy het nie drama geswot nie, maar teater. Ten spyte van die kwellings oor al die verskillende werke wat 'n mens moet aanpak om 'n bestaan te kan maak in die teater, is daar niks anders

wat hulle wil doen nie. "As ons nie gedwing was om te diversifiseer nie, sou daar baie goed gewees het wat ons vandag nie sou kon doen nie. So it's not all bad," sê Chris. "Dis in jou gene, in jou bloed, dis jou Muse. Jy kan dit nie los nie, anders raak jy donker," sê Waldemar. Ek kon nie anders nie as om te wonder hoe dit regtig met hom gaan nadat sy 14-jarige seun Kieran laas jaar in Hermanus verdrink het nie. Vir my het Waldemar hierdie praatjie goed opgesom teen die einde toe hy sê: "Ons kan twee dinge doen wat God kan doen." En toe hy dit sê was daar 'n stilte. "Ons kan liefhê. En ons kan skep." – **Herman Lategan**

Tsjechov sou trots wees

Akteurs slaag loshande

Die Seemeeu. Toneel.
Oude Libertas Amfiteater.
11 tot 14 Maart 20:15.

’N Mens wil jou verstout om te sê die Russiese dramaturg Anton Tsjechov sou met net soveel genoegdoening soos die gehoor uit die Oude Libertas-amfiteater gestap het eergisteraand waar Saartjie Botha se vertaling en aanpassing van sy tragikomedie *Die Seemeeu*, onder speleiding van Christiaan Olwagen, opgevoer is.

Tsjechov het immers aan die einde van die 19de eeu self die meeste van die gevestigde konvensies verbreek en saam met sy Skandinawiese tydgenote Henrik Ibsen en August Strindberg die modernisme in die teater ingelui.

Meer nog, al klink en lyk dit met die eerste oogopslag of Botha en Olwagen met hul herbesinning van *Die Seemeeu* bloot die basiese storielyn en Russiese milieu vir hul doeleindes ingespan het, kom jy mettertyd agter met hoeveel sensitiwiteit en aanvoeling hulle wel met die teks omgegaan het. Botha het juis vir haar vertaling en verwerking daarvan in die afgelope week die Blou Stoel-toekenning ontvang van die Fiësta-paneel, terwyl Olwagen bekroon is as beste regisseur vir sy drama *Dogma*.

Die bewyse vir Botha en Olwagen se vernuf lê opgesluit in die nuanses en besonderhede van die stuk.

Tsjechov sou dus steeds in die hupse Afrikaans, die eietydse temas en innoverende aanbieding die hart van sy werk asook sy voorkeure en afkeure herken het.

Dit is seker nie oordrewe om te sê ’n mens moet dankbaar wees dat Tsjechov-dramas nog enigsins opgevoer word nie. Dit word deesdae maar min gedoen, want die onkoste verbonde aan die gebruik van so ’n groot ensemble is baie hoog. Die waarde en gehalte van dié besondere ensemble is egter ver bo wat in geldwaarde bereken kan word.

Sandra Prinsloo in die rol van die egosentriese aktrise en matriarg Irina Arkadina is verbysterend. Haar liggaam en stem is inderdaad haar instrumente en sy bespeel albei soos ’n virtuoos. Haar sessie op die oefenfiets aan die begin van die tweede bedryf sal ’n mens nog lank bybly, asook die verleidingstoneel tussen Irina Arkadina en Trigorin (Alyzzander Fourie).



Marius Weyers as Sorin in Saartjie Botha en Christiaan Olwagen se produksie van Anton Tsjechov se drama, *Die Seemeeu*. FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT



Albert Pretorius as die betouterde Konstantin.

Albert Pretorius as haar pesimistiese en betouterde seun, Konstantin, is eweneens indrukwekkend. Met sy pas verwonne Fiësta-toekenning as beste manlike speler vir die afgelope jaar onder die arm, stap hy ongetwyfeld voor as dit kom by die huidige geslag jong akteurs. Veral sy vermoë om diepe patos te versinnebeeld kan min hom nadoen.

Rolanda Marais (Nina) is by dieselfde geleentheid as beste aktrise aangewys vir haar spel. In *Die Seemeeu* is haar transformasie

van blinkoog aspirant-aktrise na lewensmoeg en ontnugterd des te meer merkwaardig weens die subtiliteit daarvan.

Só kan ’n mens voortgaan met betrekking tot elke speler: Fourie, Marius Weyers (Sorin), Gerben Kamper (Dorn), Deon Lotz (Shamrayev), Rolanda Marais (Nina), Martelize Kolver (Polina), Geon Nel (Medvedenko) en Cintaine Schutte (Masha). By geeneen is ’n vals noot te bespeur nie, van Weyers se asmatiese gehygtot Kolver se vermoë om jou in een sin histories aan’t giggel te kry.

Ook wat sy tegniese aspekte betref, is *Die Seemeeu* ’n wegholtreffer. Wolf Britz se besondere beligting van ’n moeilike ruimte het kort-kort die oog gevang, veral die slim en amper romantiese manier waarop hy die buitlug-tonele belig het. Ook vermoed jy Birrie le Roux het ure se pret gehad met die ontwerp van die kostuums, veral die uitspattige uitrustings met bagasie en handsakke in bypassende kleure vir Prinsloo. En dan praat ’n mens nie eens van die lawwe skoeisel nie!

’n Reusagtige skildery van twee herte werk op soveel vlakke – as skildery in die binnenshuise vertrekke, as suggestie van die meer en woud in die buitlug en om die Russiese aard van die toneelstuk verder te onderskryf. Ook Charl-Johan Lingenfelder se keuse van musiek was weer eens in die



Rolanda Marais in die rol van Nina.

kol. Die laaste lied – ’n beeldskone weergawe van die Russiese lied wat hier as “Liefste Madelein” gewild geraak het, weerklink op die aandlug lank nadat die laaste mense die amfiteater verlaat het.

In *Die Seemeeu* smag al die karakters hartstogtelik na iets: liefde, roem, erkenning, vervulling, aanvaarding, en so meer.

Dus is hulle nie soveel anders as ons nie en dís waaraan Olwagen en sy ensemble ons op die besmoontlike manier herinner. – Marina Griebenow

Helaas geen nuwe insigte oor mansdom

Hie’ sit die manne. Drostydy Teater. 14 Maart om 13:00 en 15 Maart om 20:30.

Waar sit die manne? Gewoonlik om die braaivleisvuur en klets oor rugby, blyk dit. Maar nie altyd nie. Soms maak hulle ’n bietjie hart oop; tog net nie te veel nie.

Leon Kruger se teks oor drie middeljarige vriende, Arries (Waldemar Schultz), Ben (Brendon Daniels) en Sakkie (Deon Lotz), delf so ’n tikkie dieper in die psige van man-wees. Arries verwerk nog sy vrou se dood van twee jaar gelede en nooi sy twee vriende wat hy lanklaas gesien het vir ’n braai oor. Eintlik wil hy hulle aan sy nuwe meisie voorstel.

Wanneer Ben en Sakkie (wie se vroue deesdae haaks is met mekaar) opdaag, word daar gekrap aan die klein dingetjies wat pla – Ben se vrou wat op sy kop sit en sy klere uitkies, Sakkie wat bedank het en sy lyf weer slank wil kry, en Arries wat sy oorlede vrou met sy nuwe meisie vervang.

Karre, brandewyn, Old Spice, Brut, enkellaag-toilet-papier, orgasmes en die aard van hul toevallige vriendskap is die onderwerpe waaroor gepraat word terwyl die tjops en ribbetjies oor die kole gaar word.

Dis nie ’n verhaal wat jou tot nuwe insigte van die manlike psige gaan bring nie. (Is dit enigsins moontlik?) Maar dit is ligte vermaak wat effens onder die oppervlak gaan krap sonder om jou werklik te ontstig.

Schultz speel sy rol met groot omsigtigheid en balanseer die komiese met die ernstige op ’n mespunt. Die effens ongemaklike Arries pas hom nogal goed.

Ben is ’n vreemde rol vir Daniels wat gewoonlik die “bad boy” speel. Maar hy laat reg geskied aan die gedwee Ben. ’n Mens leer nie juis Lotz se karakter goed ken nie, behalwe dat hy mal is oor alkohol, en dalk is dit juis die punt.

Uiteindelik seëvier die drietal se vriendskap en daar is hoop vir die mansdom.

– Wayne Muller

ink

Redaksie

Redakteur
Jacolette Kloppers
(jacolettekloppers@gmail.com)

Uitgewer
Hannelie Cronjé

Uitleg en produksie
Johnn-Grant Munro

Teksredakteur
Liesl Peyper

Fotograwe
Nardus Engelbrecht
Salmon Becker

Senior skrywers
Marenet Jordaan
Marina Griebenow
Herman Lategan
Wayne Muller
Ilza Roggeband
Naudé van der Merwe

Joernalistiekstudente
Kayla Alexander
Leonardo Angelucci
Elmarien Anthony
Mikail Baker
Heléne Booyens
Nicola Jo Bruns
Melissa da Costa
Mila de Villiers
Louis du Preez
Siviwe Feketha
Edward Goff
Hannes Kruger
Jade Larey
Tatum Morley
Jacques Myburgh
Mirandi Nel
Suzaan Potgieter
Kyle Smith
Simon Sonnekus
Adri Thiant
Fredalette Uys
Lea-Ann van der Merwe
Mizan van der Merwe
Marcelle van Niekerk
George von Berg
Heike Werth

Die Matie redaksielede
Giselle Botha
Karin Groenewald
Karin Hammond
Franco Havenga
Lynné Schoeman
Joan van Dyk

Woordfees-kantoor

Erfurthuis, Ryneveldstraat 37,
Stellenbosch

Skakel die feeskantoor by
021 886 5036 of besoek
www.woordfees.co.za

Die koerant word gratis
op die feesterrein versprei en
is elektronies beskikbaar by
www.eikestadnuus.co.za

Polisie – 021 809 5000
Verkeersdepartement
– 021 808 8800
Ambulans – 021 887 0310

Met dank aan die US se
Departement Joernalistiek



Atlete sê mekaar die stryd aan tydens die vyfde Dagbreek Maties-straatmylfees in Victoriastraat. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Cronjé word fees se eerste droommylnaeler

Die eerste droommyl in Victoriastraat is gisteraand tydens die vyfde Dagbreek Maties gehardloop. Johan Cronje (32) het Jacques Pretorius se vorige straatmylrekord van 4.01.19 gebreek deur die droommyl in ’n gemiddelde tyd van 3.59.56 tydens die mans elite-afdeling te voltooi.

Cronje kry R2 000 as bonusprys omdat hy die eerste atleet was wat die myl in minder as vier minute kon voltooi. Dit was die eerste keer dat ’n atleet tydens die Straatmylfees ’n droommyl kon voltooi. Die wedloop word in samewerking met die Maties-atletiekklub aangebied en gehou ter herdenking van De Villiers Lamprecht, ’n oud Dagbreek Manskoshuis-inwoner, wat die eerste droommyl in Suid-Afrika gehardloop het. Volgens Francois Fouché, organiseerder, is die gebeurtenis baie goed ondersteun en was die

atmosfeer ongelooflik. “Ons sal probeer om dalk nog bekender atlete te kry om dit ’n nog groter event op die sportkalandler te maak.” Tineke Fourie was die wenner van die vroue-afdeling en Paul Roux die wenner van die mans afdeling. – Mizan van der Merwe

‘Daar gebeur ook goeie goed’

NG Kerk meer divers

Ontleding 
Wie is die NG Kerk? Oor basistions en onsekerhede. Markpleingesprek. Boektent. 11 Maart om 09:00.

Hoeveel onse is in die NG Kerk se pond? Hoe inklusief is die kerk werklik, wonder mense? Jean Oosthuizen, voormalige nuusredakteur van *Kerkbode* en deesdae vryskutjoernalis, het die Stellenbosch Moedergemeente bedank dat hulle hierdie markplein-gesprekke, wat *Kerkbode* twee jaar gelede laat val het, voortsit. Debatvoering is noodsaaklik. Mense weet egter nie wie en wat die NG Kerk is nie. Om te probeer vasstel wie die NG Kerk is, moet ’n paar goed op die tafel gesit word. Is die NG Kerk die kerk wat Belhar aanvaar of nie? Is die NG Kerk die kerk wat gay-lidmate volledig aanvaar of vind daar nog diskriminasie teen sulke mense plaas? Glo die kerk nog aan die sondeval en erfsonde? Is die NG Kerk ’n kerk wat hom distansieer van gesprekke op die markplein of nie? Twee jaar gelede het hulle nee vir hierdie soort gesprekke gesê.

Op sy Facebook-blad, sê Oosthuizen, kom hy toenemend agter dat mense oor hierdie uitdagende kwessies wil praat. Mense wat lief is vir die kerk.

Prof. Nelus Niemandt,

moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk, sê dié kerk is ’n fantastiese, paradoksale, veranderende, vreemde menslike instelling. Hy vergelyk die kerk met ’n groot woud met baie verskillende bome en plantegroei. Jy kan dus nie eensydig oor die kerk praat nie. Die kerk kry veral uitdrukking in sy gemeentes, maar gemeentewees is baie divers. Hierdie bos behoort aan die Here. En rondom hierdie bos het ’n klomp goed verander, veral op politieke terrein. In hierdie bos is ’n paar virusse soos konsumerisme en sekularisasie. Sekere bome val, ander is groot en sterk en bly staan tot hulle doodgaan. Al hierdie elemente is deel van die NG Kerk. Fourie Rossouw, jong predikant in die NG Kerk Weltevreden en betrokke in die middestad van Johannesburg, beaam Niemandt se metafoer van die bos.



Jean Oosthuizen

Hy sê lidmate is besoedel deur die “Onse Vader” asook deur “Ons vir jou Suid-Afrika”. Ons is besig om ’n lang pad van *detox* te loop. Ons is besig om ontslae van sekere goed te raak. Volgens hom is jong mense nie meer so geïnteresseerd in die kerk en gemeenskapswerk nie, eerder wat op hulle T-hemde geskryf staan. Watter klere hulle dra. Vir hom is dit belangrik dat kultuur ondergeskik aan godsdiens gestel word. Strategies is dit belangrik dat die NG Kerk beter sal kommunikeer, sê Oosthuizen. Daar word te veel met woorde gespeel. Vir Niemandt moet sekere



Prof. Nelus Niemandt

kerklike strukture uit die pad kom. Op simboliese wyse moet daar van die verlede afskeid geneem word – die aanvaarding van die Belhar belydenis kan hiermee help. Vir Rossouw is die fasilitering van gesonde kruis-kulturele vaardighede van uiterste belang. Die sinvolle hantering van diversiteit is belangrik. Gemeentes moet kan eksperimenteer met aanbiddingstyle. Ons moet asemhalingsgeleenthede skep en dit kreatief benut. Pleks daarvan om oor Skrifgesag te praat, moet ons eerder praat van Skrifgerig en Skrifgenooi. Só raak jy bewus van die koördinate wat jou lewe wil rig. Niemandt woon tans baie streeksinode-sittings by en hy is verras oor die passie en energie onder lidmate en dominees. Dit gee hom hoop. Hy sien glad nie die einde van die NG Kerk nie. Alhoewel daar hartseer stories is, gebeur daar ook wonderlike goed. – Chris Jones

“ Is die NG Kerk die kerk wat gay-lidmate volledig aanvaar of vind daar nog diskriminasie teen sulke mense plaas? Glo die kerk nog aan die sondeval en erfsonde?

Musiekresensies

🎵

Stemmingsvolle nagmusiek

Nokturne. Klassieke musiek. Fismersaal. 10 Maart.

’N Konsertprogram getiteld *Nokturne* en saamgestel uit musiek oor die nag, soos die titel aandui, klink na ’n blink idee. En dié konsert bewys daar is heelwat verruklike repertorium vir ’n uitvoering van dié aard.

Die pianis José Dias en sopraan Magdalene Minnaar het die tema van nag verder geneem en die Fismersaal in Victoriastraat se ligte gedoof. Hulle het verduidelik dat as die visuele stimulasie minder is, sal jou gehoor verskerp en gevolglik jou sensoriese ervaring

van die musiek.

Dit is inderdaad die aard van sintuiglike waarneming, en ek het dit weer besef deur merendeels toe oë in die halfdonker lokaal na die musiek te luister.

Soos dit maar is, is die nag ’n tyd van rustig word, en derhalwe verklank komponiste meestal daardie rustigheid in sulke soort musiek. Die gevolg is natuurlik dat jy in ’n program soos *Nokturne* hoofsaaklik werke met ’n stadige tempo kry wat die konsert nogal eentonig kan maak.

Dias en Minnaar het dit net-net vrygespring deur ’n paar meer dramatiese liedere in te sluit. So byvoorbeeld het Richard Strauss



Die pianis José Dias en die sopraan Magdalene Minnaar in die konsertprogram *Nokturne*. FOTO: VERSKAF

se “Cäcilie” en Rachmaninoff se “Hierdie somernagte” vir ’n effens vinniger pas gesorg.

Die konsert had van die mooiste musiek en dit is puik uitgevoer.


Die twee Fauré-liedere aan die begin, “Clair de Lune” en “Après un Rêve”, was aangrypend en het die toon van die konsert gestel. Amina se slaapwandel-aria uit Bellini se

La Sonnambula – “Ah, non credea mirarti” – was nog ’n hoogtepunt.

Minnaar het met insig vertolk en merendeels ’n mooi toonkleur gehandhaaf. By tye, veral in die “swaarder” liedere, het haar vibrato egter gehinder.

Die insluiting van die plaaslike komponis Braam du Toit se “Wegwees” was ’n kleinood, veral met die atmosfeer wat die pianis aan die begin skep deur direk op die klaviersnare te “slaan”.

Benewens die liedere, het Dias ook drie solo-klavierwerke, deur Chopin, Beethoven (uiteraard die “Maanligsonate”) en Debussy, gelever. Sy spel was innemend en stemmingsvol. – **Wayne Muller**



Charl van Heyningen (links) en Minette du Toit-Pearce (regs) in die Endlersaal in Hoogste Bod. FOTO'S: SALMON BECKER

Liedjies luisterbaar, maar kort skaafwerk

Hoogste Bod. Liedspel. Endlersaal. 9 Maart.

Soms het ’n produksie heel skaflike elemente, maar as dit alles saamgevoeg word, is dit nie so suksesvol nie. *Hoogste Bod* is so ’n produksie.

Die produksie – ’n liedspel – vertel van ’n profeet wat opdrag van God kry om met ’n prostituut te trou. Die huwelik misluk, maar die twee kom uiteindelik weer bymekaar uit.

Engela Venter het die musiek en teks geskep, en gedigte van onder andere NP van Wyk Louw, Breyten Breytenbach en Petra Müller is ingespan.

Die musiek is heel luisterbaar en by tye mooi. Soms laat dit ’n mens dink aan iets wat Andrew Lloyd Webber vir sy

musiekpele sou skryf. Daar was liedjies waarna ’n mens weer en weer kan luister.

In die hande van bedrewe sangers soos Minette du Toit-Pearce (as die prostituut) en Charl van Heyningen (profeet) was die luisterervaring genotvol.

Die sangers word begelei deur ’n ensemble bestaande uit Venter (klavier), Diederick Basson (orrel), Schalk Wasserman (slagwerk) en vier viole gespeel deur US-studente. Die klankbalans was egter nie na wense nie. Die meeste van die tyd het die instrumente die sangers (wat met mikrofone gesing het) verswelg, soveel so dat jy nie ’n enkele woord kon hoor nie.

Maar dis eerder die storie en regie wat skaafwerk kort. Die verhaalgegewe sorg inderdaad

vir die elemente van ’n goeie storie, maar dit word nie boeiend genoeg vertel nie. Die verhaallyn kort fyner definisie – ’n sterker spanningslyn wat die ritme van die vertelling meer opwindend sal maak. Tans loop die verhaal redelik eentonig wat sy ritme en spanning betref.

Christine Truter se inkleding slaag nie deurgaans nie. Die Endler is nie geskik vir so ’n produksie nie, en omdat die verhoog groot en breed is, lyk alles so leeg. Die twee karakters vul ook nie die ruimte nie. Dalk is dit die regie of dalk die twee sangers se akteursvernuf, maar vele tonele is gekenmerk deur oordrewe toneelspel.

Met goeie skaafwerk kan *Hoogste Bod* ’n veel aangenamer produksie wees. – **Wayne Muller**

Heuwels met koor en orkes toe nou nie so fantasties

Symphonic Rebellion met Die Heuwels Fantasties. Neethlingshof. 10 Maart om 18:00.

Die eenmalige vertoning van *Symphonic Rebellion met Die Heuwels Fantasties* het Dinsdagaand probeer om ’n klassieke kleur aan dié alternatiewe rockgroep se musiek te verleen.

Die Musica Perpetua Orkes, bestaande uit jong musici van Paul Roos Gimnasium, Hoër Meisieskool Bloemhof en Renish Girls’ High School, het saam met die seunskoor die *Heuwels* begelei.

Voor die *band* op die verhoog verskyn het die koor a capella weergawes van twee van die Heuwels se treffers uitgevoer. Hierna het die orkes saam met die *band* ’n poging aangewend om bekende rocktreffers ’n klassieke kleur te gee.

Helaas was dit steeds *Die Heuwels Fantasties* wat die kalklig gesteel het. Teen die agtergrond

van die bulderende dromme was die jong skoolseuns se stemme, in die woorde van Koos du Plessis, slegs ’n “ontwykende deuntjie”.

Piekniekgangsters het by Neethlingshof uitgespan om te luister na *Heuwels*-gunstelinge soos “Pille vir Kersfees”, “Klein Tambotieboom” en “Sonrotse”. Die koor het onder die rockklanke stil-stil saamge- neurie terwyl die orkeslede verwoed hul instrumente bespeel het om bo die geraas van die dromme hoorbaar te wees.

Daar was wel enkele oomblikke waar die groep en die orkes goed hul kragte saamgespan het, veral met die treffer “Leja”.

Ná sowat ’n uur het die skoolseuns in hul maroen-baadjies die verhoog verlaat. Hierna het *Die Heuwels Fantasties* losgetrek met “Oorlewing 101”. Daar was geen noemswaardige verskil aan die klank en kwaliteit van die musiek waar net die *band* betrokke was nie. – **Jacques Myburgh**



Paul Roos Gimnasium se skoolkoor saam met *Die Heuwels Fantasties* tydens ’n konsert by Neethlingshof. FOTO: SALMON BECKER

PROGRAMNUUS

Die volgende vertonings vir vandag is uitverkoop: Die US koor; *Die Klaagliedere van ds. Tienie Benade*; Die Seemeeu; *Don Juan onder die boere*; Marlene van der Westhuizen; *Taal van my hart*; Zoid. Zanne. Zolani.

Die volgende vertonings vir vandag is gekanselleer: RSG Gespreksreeks: Regsake; *À la manière de... TwoPianists*.

Dié vertoning is bygevoeg: Die fliek *Pad na jou Hart* vandag om 20:00 by die Van der Stel-sportgronde.



KOEKEDOOR

ELKE DONDERDAGAAND,
20:30



KOEK OF TERT?



kykNET